Pretoria Wedvlugduiwe Combine

SANPO Kongres & AGM terugvoer

1. **PWDC lede nl. PWDF & PWDU moet SANPO teen einde Julie elke jaar n volledige lys verskaf van alle lede (betaalde) en wel die volgende inligting:**
    a. **Naam;**
    b. **Van;**
    c. **ID nommer;**
    d. **Sellulêre nommer;**
    e. **Epos adres.**
2. **Die organisasie se bestuurslede moet ook na SANPO deurgegee word;**
3. **Organisasies wat nog nie opleiding vir neem van vebodemiddels monsters ontvang het nie moet dit dringend reël;**
4. **ODRA se lidmaatskap is aanvaar met die voorbehoud dat hulle alle SANPO reëls nakom;**
5. **GRPF (afstigting vanaf TRPF) is nog nie goedgekeur nie totdat hulle konstitusie verander is om in lyn wees met SANPO se konstitusie;**
6. **Geen wedvlugte verder as 1000km mag aangebied word sonder SANPO se goedkeuring nie, die verste lid mag nie verder as 1000km wees nie;**
7. **PWDC gaan met die volle ondersteuning van SANPO n Matjiesfontein wedvlug aanbied in 2019 om inligting en data te versamel vir die gebruik om goedkeuring te verwerf vir alle organisasies wat 1000km wil vlieg;**
8. **Geen lid se duiwe mag alles in een mandjies gesit word vir 'n wedvlug nie, dit moet versprei wees op vragmotor;**
9. **Geen lid sal kwalifiseer vir meriete indien hy/sy positief getoets en skuldig bevind is vir die gebruik van verbode middels nie;**
10. **Kaffiene & Bromoxine is verwyder vanaf die verbodemiddels lys;**
11. **Doping strawwe sal hersien word;**
12. **Lede sal ook nie kwalifiseer indien die organisasie se ledegelde nie ten volle betaal is nie;**
13. **Verkiesing van SANPO en Provinsiale besture sal geskied in 2020;**
14. **Organisasies binne die Gauteng bestuur moet volledige ledelyste aan Mnr. Hans de Noon, sekretaris van die provinsiale bestuur, stuur op die laaste 1 Junie 2019;**
15. **Die totale bestuur van die sport wat insluit kommunikasie, klagtes, navrae, apelle, ens sal deur die Provinsiale bestuur hanteer word;**
16. **Die korrekte kanale moet te alle tye gevolg naamlik Klub→Unie/Fed→Combine→Gauteng Provinsie→SANPO;**
17. **Geen lid mag SANPO direk kontak nie;**
18. **Ledegeld : SANPO R80, Juniors R50 & Gauteng Provinsie R50;**
19. **As n lid lidmaatskap by 2 organisasies het mag hy nie op n organisasie se bestuur dien indien hy nie aktief deelneem nie;**
20. **Geen SANPO lid mag deelneem aan wedvlugte van n organisasie wat nie by SANPO geaffilieer is nie;**

21. **Geen oefenduiwe mag saam wedvlugduiwe losgelaat word nie, alleenlik 30 minute na wedvlugloslatings. Stappe sal geneem word teen oortredende lede;**
22. **Geen wedvluguitslag wat op elektroniese klokke op training geklok word sal aanvaar word nie;**
23. **Geen geforseerde oornagwedvlugte mag gereël word nie, weer mag egter n rol speel waar dit dan toegelaat sal word;**
24. **700km + wedvlugte mag nie later as 08h30 losgelaat word nie behalwe as dit weereens deur die weer beïnvloed is nie;**
25. **2020 Kongres & AGM sal in George en 2012 Mpumalanga gehou word;**
26. **Die probleem van die nuwe "Bylaws" van Tshwane Munisipaliteit wat verwys na Pluimvee gaan deur die SANPO regspan hanteer word;**
27. **Jooste/Joubert saak sal ook deur SANPO hanteer word;**
28. **Eerste Soweto klub is gestig;**
29. **Verskeie konstitusionele veranderinge is goedgekeur en sal binnekort op die SANPO webblad publiseer word;**
30. **n Nuwe finansiële beleid is ook voorgelê en aanvaar wat as riglyn in organisasies moet dien, dit sal ook op die webblad publiseer word.**